WITH THE WORD BIBLE COMMENTARY – DR WARREN WIERSBE

IN AFRIKAANS VERTAAL EN VERWERK DEUR DR ANDRE BESTER

DONDERDAG 5 JANUARIE – MATT 5:13 - 37

WESENSKENMERKE VAN CHRISTUS SE KONINKRYKS-ONDERDANE

Sout en lig (Verse 13–16). Smaaklose sout en verborge lig is goed vir niks! Sout stop verval in ons wêreld, en lig verdryf duisternis. Sout is weggesteek, maar lig is sigbaar. Beide is nodig in die wêreld, en albei moet van hulself gee in diens.

SOUT

[*Hoe kan ons sout daar by die werk wees?] Die meeste werksgeleenthede, selfs die somber soort, bied geleenthede vir sout. Ons kan probleme oplos, toerusting regmaak dat dit weer werk en mense om ons se behoeftes bedien. Christene behoort trots te wees op ons roeping om 'n verskil te maak.*

Volgende keer as jy dink jy gaan nêrens heen in 'n vervelige werk nie, beskou jou werk as 'n "dankie" aan God vir die verlossing wat Christus jou gegee het. Doen jou werk met vaardigheid en toewyding as 'n sendeling in die mark en sout jou klein hoekie van die wêreld met God se boodskap van vernuwing en vreugde]

LIG

Hoe frustrerend is kragonderbrekings nie vir ons nie. Dink net aan ons konteks met beurtkrag. Wel as ons lig nie skyn nie, is dit in terme van die Koninkryk van God omtrent net so erg soos fase 6 beurtkrag. Hoe kan ons as kinders van God ons lig verberg?

- stil wees wanneer ons moet praat
- saam met die stroom gaan
- die waarheid te ontken
- om sonde ons getuienis vir Christus te laat verdof
- om nie die waarheid aan ander te verduidelik nie
- die behoeftes van ander te ignoreer

Wees 'n baken van waarheid—moenie jou lig van die res van die wêreld afsluit nie.

Aanbidders (Verse 17–26). As jy woede na die altaar bring, kan jy God nie aanbid nie, so raak gou van die woede ontslae. Woedende gevoelens lei tot woedende woorde en dade, en die gevolg kan moord wees. (Sien Ef. 4:25–32.)

Chirurge (Verse 27–32). Dit is duidelik dat Jesus nie letterlike chirurgie voorstel nie, want die werklike probleem is in die hart (v. 28). Dit is 'n aanskoulike herinnering dat sonde verskriklik is, en dit sal vir ons beter wees om vermink deur die lewe te gaan as om onder die effek van sonde deur te loop en die ewigheid in die hel deur te bring. Hanteer sonde drasties en radikaal volgens die voorskrifte van die Bybel!

Kinders van die Vader (Verse 33–48). “Wat doen jy meer as ander?” (vers 47). Ons moet onsself **nie aan ander** meet nie, maar aan die standaard van God ons Vader (v. 48). Dit sluit ons **woorde** (v. 33–37), ons **reaksies** wanneer ons seergemaak en te nagekom word (v. 38–42) en ons **handelinge** met ons vyande in (v. 43–48).